

Rol van die vrou

Wat leer die Woord van God – net die Skrif het die antwoord, waarvoor ons afgesonder is om dit onvoorwaardelik, nederig te aanvaar.

Ek praat slegs met julle volgens die voorskrif van **Titos 2:4,5** as ouer vrou (nie noodwendig in jare nie, maar in ervaring saam met my man) en volgens alles soos wat ek dit by hom geleer het en seker is dat dit volgens Vader se wil in Sy Woord is. Dit is my enigste reg om met julle te praat vandag.

Die kern van ons standaard en die fondasie van alles wat waar is, lê in die skeppingsdoel van die wêreld en die mens. Die mens se rol in die samelewing en ook sy huis kan verstaan word slegs uit sy rol in die skepping.

Ons standaard is dus nie die van Yisra'el of van die Jode nie, maar van die Skrif wat waar is vir alle tye.

Satan het die verwerping van die outoriteit reeds in Havah (Eva) geplaas en dit is waaruit die vrou haar rol oor die eeue heen gevorm het. Vandag is daardie rol so vasgebrand met die organisasies en humanistiese regte waaruit elkeen se optrede met tyd gevorm is, dat dit amper onmoontlik vir die moderne vrou is om te verstaan wat God se oorspronklike plan en roeping vir die vrou is. Dit is so dat die man nie sy outoriteit geneem het nie en die situasie aangeblaas het deur verkeerde outoriteit (baasskap en oorheersing) te neem, maar dit gee nie die Torah-gehoorsame vrou van God die reg om nie Vader se outoriteit deur die man te aanvaar nie. God het ook nie gesê die man moet volmaak wees voordat die vrou die outoriteit aanvaar nie, maar net dat sy dit moet aanvaar (kyk Avraham as voorbeeld). Jy moet net so volmaak as moontlik jou skeppingsrol as helper uitleef.

God het nie 'n fout gemaak met die man se outoriteit wat nou herstel word deur die vrou wat moet oorneem nie – dit is Godslasterlik.

Die skepping was uitsluitlik God se werk tot Sy eer en lof. Hy het Sy Koninkryk op die aarde kom vestig en die mens (man) geskep om daarvoor te heers.

Gen 1:26 God het gesê: “Laat Ons die mens maak na Ons beeld, net soos Ons en laat hulle heers oor die visse van die see, die voëls van die hemel, die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde beweeg.”

Efe 2:10 want ons is Sy skepsele, wat geskape is in Die Gesalfde Een, Yeshua, vir die goeie daade wat God van die begin af vir ons voorberei het om in te leef.

Open 5:10 en U het hulle, vir ons God se Koninkryk, priesters en konings gemaak en hulle sal oor die aarde heers.”

Ons is geskep na die beeld van God en met ons wedergeboorte herskep in Yeshua wat daardie beeld gedra het om dit te doen wat Hy van die begin af vir ons beplan het, totdat ons weer volkome saam met Hom heers. Dit is nog altyd dieselfde – niks daarvan is vir 'n sekere tydperk nie.

Die man is geskep na die beeld van God om te wees soos Hy en net so ook die vrou.

Met ander woorde: Die gelykheid van die man en vrou lê in die karakter en standaard om te wees soos en te lyk soos HY. Dit kan ons net wees in volkome gehoorsaamheid.

Gen 1:27 God het die mens geskep na Sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskep; man en vrou het Hy hulle geskep.

God is egter ten volle vervuld en volledig in Homself en dit kon die mens nie wees nie.

God het geen behoefte / begeerte nie, maar die mens het die behoefte aan 'fellowship' van die begin af, asook 'een soos hy' om die "vermenigvuldigings-opdrag" uit te voer.

Gen 1:28 God het hulle geseën en God het vir hulle gesê: “Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see, die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde beweeg.”

Met ander woorde: Die man en vrou het saam die opdrag ontvang om te vermenigvuldig (elkeen in sy / haar rol) en te heers oor die natuur en skepping, weereens binne elkeen se rol. Die man het die name bepaal = die karakter oor hulle uitgespreek en het dus die volle outoriteit daarvoor, die vrou steeds in haar skeppingsrol as hulp. Die man het ook die vrou se naam gegee. Dink bietjie daarvoor asb.

Eers die 'fellowship' met sy Skepper en daarna met sy soort / wat is soos hy. God het voldoen aan hierdie behoefte tot 'fellowship' deur tyd met Adam te spandeer asook die vrou te skep om die 'fellowship' met sy soort te vervul.

Ons moet die skeppingsrol van die man en vrou duidelik verstaan en onderskei.

In **Gen 2** is die detail van hoe die skepping van die mens plaasgevind het wat in **Gen 1** net genoem word. Die man is vanuit die stof gemaak en die vrou vanuit hom, met God se rede. Dit wys mos nou reeds dat die vrou vanuit die man is en **dus van hom afhanklik is om haar skeppingsroeping uit te voer. Kernwaarheid!**

Gen 2:18 אָדָם - God het ook gesê: “Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. **Ek sal vir hom 'n helper maak wat by hom pas.**” **20** So het die mens dan name gegee aan al die vee en aan die voëls van die hemel en aan al die wilde diere van die veld, maar vir die mens het Hy geen hulp gevind **wat hom sou aanvul** nie.

Gen 2:23 Die mens het gesê: “Eindelik is dit nou been van my been en vlees van my vlees. (**egad**) Sy sal vrou (ishah) genoem word, want sy is vanuit die man (ish) geneem;” **24** daarom, soos **die man sy vader en moeder verlaat** en sy vrou vashou, sal hulle een vlees wees. **25** Hulle was altwee naak, die mens en sy vrou, maar hulle was nie skaam daarvoor nie.

Hier is dit ook duidelik dat die man se tyd van staan onder die outoriteit van sy ouers verby is – nou neem hy outoriteit. Dit is sy huis en verantwoordelikheid met die wonderlike hulp en vervulling wat Vader voorsien het.

Uit die skeppingsdoel en verklaring is die vrou geskep **as hulp en aanvulling tot volledigheid**. Die man was onvolledig in sy begeerte na 'fellowship' en nabyheid – die vrou is geskep om dit aan te vul en die vermenigvuldigings-opdrag saam met hom uit te voer – dit is al wat ek sien in die doel en skeppingsrol van die vrou.

Na die sondeval bevestig God hierdie selfde rol en stel hier die outoriteitslyn duidelik.

Gen 3:16 Vir die vrou het Hy gesê: “Ek sal jou moeite en jou swangerskap baie vergroot. (**Vermenigvuldigingsopdrag**) Met pyn sal jy geboorte gee aan kinders en na jou man sal jou begeerte wees (**Fellowship / hulp / ondersteuning**) en hy sal oor jou heers.” (**outoriteitslyn word daargestel.**)

Daar is geen ander Goddelike / Bybelse strewe en begeerte in die vrou behalwe na haar man en die vervulling van haar skeppingsroeping en rol nie. Jy is slegs "geestelik" as jy jou skeppingsrol vervul. Die res is dooie werke.

Sonde het gekom omdat Havah (Eva) outoriteit geneem het en Adam nie sy outoriteit laat geld het nie en dit is steeds die probleem. Kom ons toets dit: As jou man vir jou iets weier, volgens sy eie rede, of van jou iets vra wat nie noodwendig jou wil is nie, aanvaar jy dit en doen dit of begin die Izevel afpersing, liggaamlik, emosioneel, ens. intree. Teen die ganse wêreld se siening in, is die Woord van God baie duidelik daarvoor dat die vrou nie geskep is om enige leiersrol te vervul nie en nooit enige outoriteit (lering is ook 'n vorm van outoriteit neem) oor die man mag uitoefen nie. (Die gevolge van die breek van hierdie standaard en outoriteit is deur die eeue sigbaar.)

Jy moet egter bepaal op watter wyse jy hierdie rol die beste in jou man se situasie kan vervul – binne die bepalings, grense, riglyne van die Woord – nie volgens jou eie wil en besluit nie.

God het die man as outoriteit oor die vrou gevestig. Kyk na die veelseggenheid in die volgende verse:

- = Gen 3:17 – Sonde se oorsprong. Adam neem nie outoriteit en weier nie die leiding wat Havah (Eva) neem nie.
- = Gen 16:2 – Islam se begin – Sarah neem outoriteit en Avraham staan nie op God se belofte nie.
- = Gen 39:10 - Yosef – Hy het homself gered van die onweerlegbare Izevel misleiding en rein gebly – dit was moeilik met gevolge a.g.v. haar vals verklarings, maar kyk na die eindresultaat.
- = Eks 21:8 – Die man kan nie aan die vrou doen wat hy wil nie - slegs binne God se wette.
- = Num 5:19 – Vrou behoort aan die man na die huwelik (1 Kor) - nie 'n besitting nie, maar 'n hulp, ondersteuning en nabyheid. (Kyk na die Spr 31 uitleg verder aan)
- = Num 5:20, 29 – Man is jaloers oor sy vrou en dit word nie hier veroordeel nie.
- = 1 Tim 2:12 – In die kerk van God sal geen vrou 'n man leer nie.

Kom ons neem die eerste aspek en verskoning wat vrouens gebruik:

"My man kan net nie die besluite maak en dit uitvoer nie. Ek moet dit vir hom doen."

Kom ons pas die senario toe op Avraham. God het vir hom **belowe** dat God deur Sarai vir hom 'n nageslag sal gee. Sarai weet dit – dit vat egter lank en niks gebeur nie en dit lyk ook nie of Avraham enige iets daaromtrent doen nie; dus beplan en reël Sarai self iets teen Avraham se passiwiteit.

Die gevolge:

1. Avraham kry 'n tweede vrou wat nie God se wil is nie.
2. Avraham en Sarah wag nog 12 jaar voordat die belofte waar word.
3. Ishma'el word gebore as permanente vyand teen Yisra'el tot vandag toe.
4. Vader het nodig om Avraham se vertrouwe tot die uiterste te toets om Yitz'gag te offer.

Dit is belangrik dat die vrou saam met die man se besluite en wat hy van Vader gehoor het gaan en hom ondersteun en help, ook in die afwagting as dit tyd neem.

D'vorah is die volgende verskoning wat vrouens aanhaal:

Kyk asb. mooi. Sy het 'n woord van God ontvang en dit na die leier geneem - sy het nie outoriteit of leierskap geneem nie. Sy vrese het veroorsaak dat 'n vrou (nie D'vorah nie) die eer kry vir die oorwinning - sy het steeds nie leiding geneem nie. Hy het die volle keuse gehad wat hy daarmee maak. Ons moet ophou die Woord verdraai vir ons eie begeertes.

Rigt 2:18 Wanneer יהיה vir hulle rigters opwek, was יהיה saam met die rigter en het **Hy hulle bevry uit** die hand van hul vyande al die dae van die rigter, want יהיה was beweeg tot omgee deur hulle gekerm oor hulle onderdrukkers en hulle teisteraars,

God het die rigters opgewek en hulle was Sy agente waardeur Hy gewerk het.

Daar is absoluut geen plek in die Skrif waar 'n vrou met God se aanstelling of goedkeuring outoriteit geneem het of leiding geneem het oor mans nie. Daar is geen plek daarvoor nie, want dit is nie die skeppingsroeping van die vrou nie.

Die volgende verkeerd-aangehaalde gedeelte:

Gal 3:24-29 Die geskrewe wet was dus vir ons 'n gids na Die Gesalfde Een toe sodat ons onskuldig verklaar kan word deur vertroue, **25** maar sedert die vertroue gekom het, is ons nie onder 'n gids nie, **26** want julle is almal kinders van God deur die vertroue in Yeshua, Die Gesalfde Een, **27** want julle almal wat in Die Gesalfde Een gedoop is, het Die Gesalfde Een aangetrek. **28** Daar is nie Jood of Arameër nie, daar is nie slaaf of vryman nie, **daar is nie man of vrou nie**, maar julle is almal een in eenheid met Die Gesalfde Een, Yeshua. **29** As julle aan Die Gesalfde Een behoort, is julle die saad van Avraham en volgens die belofte, erfgename.

Sal ons asb. eers na die konteks kyk en kyk waarvan hy praat, voordat ons betekenis heg aan wat geskryf word. Dit is duidelik van **vers 24 deur 27** dat die konteks verlossing deur Yeshua in vertroue en doop is. Nou gaan hy voort – dit maak nie saak wie jy is nie, die verlossing is dieselfde – deur Yeshua – die Jood het nie 'n ander verlossing nie (LET OP) en die vrou het nie 'n ander verlossing behalwe deur Yeshua nie en so word almal saad van Avraham (LET OP). Wat Sha'ul leer is dat geen mens uitgesluit word van die posisie om saad van Avraham te wees as hy/sy vertroue het nie. Dit is ook die leer in **Rom 2:11 en Rom 10:13**.

Beteken die gelykheid in erfenis ook gelykheid in funksie en rol in Sy Liggaam (Kerk) – absoluut nie, daarvoor het ons riglyne wat reeds van ons skeppingsrolle af kom.

Nog 'n verkeerd-aangehaalde stuk:

Tit 2:3 Op dieselfde manier moet **die ouer vroue in hulle optrede wees** soos dit aanbidding tot God pas en nie kwaadpraters wees of afhanklik van baie wyn nie, maar leraars van wat uitstekend is **4** sodat hulle die jong vroue kan dissiplineer om hulle mans en kinders lief te hê, **5** kuis te wees, afgesonderd, om goed vir hulle huishoudings te sorg en hulle eie mans te gehoorsaam sodat daar nie kwaad gepraat word teen die boodskap van God nie.

Hier word nie aan vroue die reg gegee om ander vroue te leer nie, want dan bots dit met wat hulle by hulle mans leer. Vs 4 verwys na die jong vroue dissiplineer = aanspreek en reghelp wanneer dit gaan oor gehoorsaamheid aan hulle mans asook die korrekte funksionering binne hulle huishouding volgens hulle skeppingsrol sodat die Koninkryk nie skade mag lei nie. Dit gee nie die reg vir die vrou om 'n geestelike lering aan 'n ander vrou te bring wat teenstrydig mag wees met wat haar man leer nie. Jy veroorsaak onmin en spanning in die huis.

Kom ons kyk na Skrif:

1 Tim 2:9-15 So ook moet die vrou hulleself versier **met fatsoenlike, kuis klere**. In **skugterheid en fatsoenlikheid** sal hulle versiering wees, nie in vlegsels of goud of pèrels of in mooi klere nie, **10** maar **in goeie dade**, soos dit by vroue pas wat bely om God te aanbid. **11 Laat 'n vrou in stilte leer in alle gehoorsaamheid**, **12** want **ek laat die vrou nie toe om lering te gee óf oor die man outoriteit te neem nie, maar sy moet stil wees**, **13** want Adam is eerste gevorm, daarna Havah **14** en Adam is nie mislei nie, **maar die vrou is mislei** en het die opdrag oortree, **15** maar sy lewe deur haar kinders, as hulle voortgaan in vertroue, liefde, afgesonderdheid en fatsoenlikheid.

Op geen manier kan afgelei word uit die woorde wat gebruik word of die opdragte dat dit enigsins iets met kultuur van die tyd te doen het nie – nee, dit is skeppingsrol en is van die skepping af dieselfde. Dit is nie vir 'n tyd nie, maar is vanaf die skepping dieselfde. **Die mens se standaard het verander, nie God s'n nie.** Dit is duidelik dat dit nie Sha'ul is wat die standaard hier gee nie, maar dat dit die standaard is vanaf die skepping en vasstelling van elkeen se rol; daarom die aanhaling uit Genesis. Vs 15. Wys ook dat die hoofdoel en dus die plek waar sy haar skeppingsroeping vervul, in die opvoeding van haar kinders is, om gehoorsaam te leef.

Kom ons kyk ook na die kleredrag en versieringsstandaard – is dit net vir daardie tyd? Nee, ons het reeds gesien die gedeelte is nie tydsgebonde nie, maar kom van die skepping af - dit is steeds God se wil en standaard. Jy behoort aan jou man - jy moet hom plesier – aantrek vir hom en sy genot. Versier ons ons as die man huis toe kom of wanneer ons werk toe gaan, vir ander? Die klem moet val op die innerlike mooi wat by die Skepper ontvang is om jou rol ten beste uit te voer.

Volgende Skrif:

Open 2:20-21 maar Ek het baie teen jou, want jy laat jou vrou, Izevel, wat van haarself sê dat sy 'n profetes is, toe om My diensknegte te leer en hulle te mislei om seksueel immoreel te wees en om offers aan afgode te eet **21** en Ek het haar tyd gegee om te erken en weg te draai na God toe en sy het gekies om nie van haar seksuele immoraliteit af weg te draai nie.

Dit gaan nie net oor die Izevel as Hoerkerk nie, maar is ook letterlik oor die vrou wat toegelaat word om te leer en mense te verlei deur die rol van die sekse om te ruil en die man te mislei om teen God se wil te gaan, wat met geestelike hoerery, of die navolg van 'n ander god se wil, vergelyk word.

In die Nuwe Verbond is daar baie verwysings na vroue, maar nooit en nêrens word hulle toegelaat om lering te gee of om outoriteit in die gemeente te neem oor mans nie.

1 Kor 14:33 want God is nie 'n God van onbeheersdheid nie, maar van vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid. **Soos in al die gemeentes** van die afgesonderdes **34** moet julle vrouens in die gemeentes stilbly, want dit is hulle nie toegelaat om te praat nie, maar om gehoorsaam te wees, net soos die geskrewe wet sê. **35** As hulle iets wil leer, laat hulle by die huis hulle eie mans vra, want dit is skandelik vir daardie vrou om in die gemeente te praat. **36 Of het die boodskap van God van julle af uitgegaan**, of het dit tot julle alleen gekom? **37** As iemand onder julle dink dat hy 'n profeet, of van die Gees is, laat hy weet dat wat ek vir julle skryf, **opdragte van ons Meester is, 38** maar as iemand nie weet nie, stel hom in kennis.

Sha'ul praat van vrouens wat oor hulle mans se koppe gaan. Dit sal gehoorsaamheid aan **1 Kor 11:3** wees: "maar ek wil hê dat julle moet weet dat Die Gesalfde Een die hoof is van elke man en die man is die hoof van die vrou en God is die hoof van Die Gesalfde Een."

Neem asb kennis van elke deel en pas dit so toe. **Jy moet by jou man leer** – nie jy hom leer met al die goed wat jy van die net aflaa en dit in sy keel afdruk nie. Dit is een van die grootste oorsake van leuens en verdeeldheid en van die gebrek aan diepte en ware groei in die liggaam. Havah (Eva) het dieselfde fout gemaak en word nie verniet die swakker geslag wat nie altyd die onderskeiding het nie en makliker emosioneel beïnvloedbaar is, genoem nie. Dit word bevestig in **Kol 3:18** "Vroue, wees aan julle eie mans gehoorsaam soos dit reg is in Die Gesalfde Een."

Dit is ook in die Timoteos aanhaling bo duidelik dat net mans die lering gee in die gemeentes. Dit beteken nie vroue mag nie aanbid, hulle getuieis teenoor die wêreld bring, mense versterk en help, bid of profeteer as gawe in die gemeente nie – alles getoets deur die leierskap / ouderlinge / haar man.

Ons kan nooit God se orde en outoriteit omkeer en vrug verwag nie. Dit is wonderlik as 'n vrou begeer om Leraar te wees, maar dit is nie wat God gewil het nie – goeie bedoelings kan nie God se wil vervang nie.

Die volgende is die geestelike implikasies van ongehoorsaamheid:

Die geestelike realm opereer onder sekere wette – net soos die huis.

Satan of enige van sy diensknegte kan slegs van jou steel of inbreek as jy 'n deur ooplos.

Die man as hoof oor die huis het 'n belangrike rol in die versorging en beskerming van die familie (geestelik).

Hy doen dit deur die deure toe te hou deur in volle gehoorsaamheid te leef aan God se opdragte.

Deut 6:6-9 Hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou verstand, wil en emosie wees. **7** Jy moet dit ywerig vir jou kinders leer en daarvoor praat as jy in jou huis sit, as jy op pad is, as jy gaan lê en as jy opstaan. **8** Jy moet dit as 'n teken bind op jou hand en dit moet as 'n voorkopband tussen jou oë wees. **9** Jy moet dit op die kوسyne van jou huis en op jou hekke skryf,

Mark 3:25-27 en as 'n huis teen homself verdeeld is, is dit nie moontlik vir daardie huis om staande te bly nie **26** en as hy wat die teëstander is teen homself opstaan en verdeeld is, is dit nie moontlik vir hom om staande te bly nie, maar dit sal sy einde wees. **27** Niemand kan in die huis van 'n sterk man ingaan en sy waardevolle besittings roof as hy nie eers die sterk man vasbind nie en dan kan hy sy huis beroof.

Deur ongehoorsaamheid veroorsaak die vrou die verdeeldheid en breek sy die krag van die man om die huis te beskerm. Al dink jy dat jy die beskerming doen omdat jy meer geestelik is, is dit juis die teenoorgestelde – deur die verbreking van jou skeppingsrol verswak jy die man en kan hy niks doen om jou te beskerm nie.

Ja, hy is dalk nie op die plek van outoriteit waar hy moet wees nie, maar jy verhoed hom om ooit daar te kom deur in die pad te staan.

Hoe sterker Izevel – hoe swakker is Agav. Beide sal hulle straf ontvang.

Die grootste geskenk en 'boost' wat jy jou man kan gee is gehoorsaamheid in nederigheid en ondersteuning.

Kom ons kyk met nuwe oë na die Spr 31 vrou:

Spr 31:10-31

10 Wie sal 'n ywerige vrou vind, want haar waarde is ver bo robyne?

- Die hele atmosfeer word hier geskep – 'n blymoedige, ywerige, kla nie as iets gedoen moet word nie vrou.
- Sy is kosbaar en waardevol. Mooi en glinsterend.

11 Die verstand, wil en emosie van haar man vertrou in veiligheid in haar en haar kosvoorraad word nooit minder nie.

- Dit skep rustigheid en vertrou by haar man. Hy het niemand anders nodig nie. Sy is volkome vervulling.
- Sy beplan en sorg dat daar altyd genoeg beskikbaar is.

12 Sy doen goed aan hom en nie boos nie, al die dae van haar lewe.

- Haar dae en woorde lig hom op en praat nooit sleg van haar man of doen iets kwaads aan hom nie.

13 Sy soek na wol en linne en werk gewilliglik met haar hande.

- Sy is nie lui nie en soek na iets wat nodig is om te doen, want dit is vir haar man.

14 Sy is soos die handelaar se skip; sy bring haar handelsware van ver af in.

- Wat sy doen word na haar huis gebring. Sy werk vanaf haar huis.

15 Sy staan ook op terwyl dit nog nag is en gee aan haar huisgesin kos en aan haar diensmeisies werk.

- Sy volvoer haar taak in die huis van vroeg af en sorg vir voedsame kos. Sy deel werk uit aan die diensmeisies.

16 Sy ondersoek 'n stuk grond en koop dit; van die vrug van haar hande plant sy 'n wingerd.

- Hierdie is steeds deel van haar huis en grond by haar huis / hulle het nie ander grond gehad nie.

17 Sy bind haar middel vas met krag en versterk haar arms.

- Sy is voorbereid en gereed om te werk. Ge-oefen in haar taak.

18 Sy sien dat haar handelsware goed is, haar lamp gaan reg deur die nag nie uit nie.

- Sy is verantwoordelik en sien dat al haar goedere goed is en is te alle tye beskikbaar en gereed.

19 Sy steek haar hande gretiglik uit en sit haar hande op die spinwiel.

- Sy doen gretiglik wat gedoen moet word en sorg vir die klere van die huis.

20 Sy steek haar hande uit na die armes, ja, sy steek haar hande uit na die behoeftiges.

- Sy het 'n omgee-hart wat die help wat behoeftes het.

21 Die lede van haar huishouding is nie bang vir sneeu nie, want almal van hulle is in skarlaken stof aangetrek.

- Almal in die huis kan ontspan en is nie bekommerd nie, want hulle weet sy voorsien.

22 Sy maak vir haarself 'n bedekking van tapisserie, haar klere is van sy en purper.

- Syself trek smaakvol en netjies aan.

23 Haar man is bekend in die stede, wanneer hy saam met die oudstes van die land sit.

- Sy is 'n trots en aanwinst vir haar man en is gerig op hom, om hom bekend te maak en goed voor te stel.

24 Sy maak fyn linne en verkoop dit; sy voorsien gordels aan die handelaars.

- Sy maak genoeg, selfs om vir ander te voorsien.

25 Sterkte en eer is haar klere en sy sal haar verheug in die tyd wat kom.

- Die toekoms bekommer haar nie, sy het 'n vreugde en versekerde verwagting vir die toekoms.
- Haar karakter is seker en standvastig waarna opgekyk kan word.

26 Sy maak haar mond oop met wysheid en op haar tong is die wet van liefdevolle goedheid.

- Sy praat nie ligsinnig nie en eer Sy wet en standarde.

27 Die lewenswyse van haar huishouding is bo teregwyysing en sy eet nie die brood van luiheid nie.

- Sy bring die waarheid aan haar werkers en kinders en almal lewe dit, deur haar voorbeeld. Sy is fluks.

28 Haar seuns staan op en noem haar geseënd, ook haar man prys haar:

- Haar kinders het respek en waardering vir haar en haar man het rede om haar lof te besing.

29 baie dogters het voortreflik en deugsam geword, maar jy het hulle almal oortref.

- Haar waarde word gesien en besing, want sy het uitgeblink.

30 Gevormde uiterlike is bedrieglik en skoonheid is nietigheid, maar 'n vrou wat ירהב respektvol vrees, sal helder en duidelik geprys word.

- Sy ontvang lof net omdat sy is wat sy in Vader moet wees. Haar mooi is in haar verhouding met Vader.

Hierdie is bottom line

31 Gee haar van die vrug van haar hande en laat haar eie werke haar helder en duidelik prys in die poorte.

- Haar werke sal haar beloning inbring en sy sal ge-eer word waar haar man by die leierskap sit.

1 Kefa 3:1-6 Net so moet julle, vroue, **gehoorsaam wees aan jul eie mans** (*nie ander se lering nie*) sodat die wat nie die boodskap gehoorsaam nie, **deur jou mooi lewenswyse**, (*nie jou 'genag' en prekery nie*) sonder inspanning, gewen kan word **2** wanneer hulle sien dat julle **respektvol, met oorleg en goeie oordeel optree**. (*Nie sleg praat, skimp, ontevrede wees en wantrou nie*) **3 Julle versiering moenie uiterlik wees nie**: vlegsels in julle hare, juweliersware van goud of fyn klere nie, (*want dit is gewoonlik vir ander om te sien en jouself uit te lig*) **4** maar wees versier in die geheime van die gedagtes, wil en emosie van die mens, in die onverganklike **versiering van 'n nederige gees** (*jou onderwerping aan jou man en hulp aan hom*) **wat baie kosbaar is voor God, 5** want net só het ook die afgesonderde vrou, wat 'n versekerde verwagting in God gehad het, vroeër hulleself versier en hulle was gehoorsaam aan hulle eie mans, **6 soos wat Sarah gehoorsaam was aan Avraham en hom 'my meester' genoem het**, wie se kinders julle geword het as julle goed doen en **geen bedreiging vrees nie**. (*As jy jou skeppingsrol vervul, meet jy jouself nie geestelik teenoor jou man nie en is vergenoegd in die plek wat jou Skepper aan jou toevertrou het.*)

Efe 5:22-24 Vroue, wees **aan julle eie mans gehoorsaam, net soos** aan ons Meester, **23** want die man is **die hoof van die vrou**, net soos Die Gesalfde Een ook Hoof is van die gemeente en Hy is die Redder van die liggaam, **24** maar soos die gemeente aan Die Gesalfde Een gehoorsaam is, op dieselfde manier **moet die vrou ook, in alles, aan hul eie mans wees**.

As jy jou man wil afskrik en al hoe meer Agav wil maak:

Sê altyd iets ander as hy iets sê.

Wees negatief.

Wees aanvallend en beskuldigend.

Kritiseer ander.

Glo ander en luister eerder na ander.

Lewer kommentaar oor sy geestelike lewe sonder die voorbeeld van jou gehoorsaamheid.

Moenie opreg wees nie.

Noem sy swak en slegte punte vir ander of maak net 'n halwe opmerking daarvoor.

Kla oor alles wat jy moet doen.

As jy gehoorsaam is, sal jy hom respekteer, nie omdat hy volmaak is nie, maar omdat hy jou man is, hom in sy sterkpunte versterk en help in stilte aan die swakkeres. Dit is jou sagtheid, omgee, beskikbaarheid, hulp en ondersteuning wat hom sal ophig tot die geestelike reus en nie jou "geestelikheid" nie.

Jou kritiek van alles wat hy nie doen nie, is onderhewig aan die mate waarin jy jou deel gedoen het om dit vir hom moontlik te maak deur te konsentreer op jou plek en om jou skeppingsrol, soos deur Vader gegee, volmaak uit te leef – sien deur Sy oë en alles in die spektrum van jou bestaan sal in plek val.